



Iets oor Sensako

SENSAKO (PTY) LTD is primêr betrokke in die teling en die kommersialisering van koringseed en bemark dit dan onder die Sensako handelsmerk. Ons visie is om graanproduksie en winsgewendheid te optimaliseer tot voordeel van graanproduseerders asook prosesseerders.

Ons koringteelspan bestaan uit ongeveer 60% van die senior koringtelers in Suid-Afrika, met meer as 100 jaar se gekombineerde ondervinding, wat ons dus die mees ervare span in die land maak. Die span is verantwoordelik vir 75% van die mees onlangse tydelike of finale koringkultivar vrystellings in Suid-Afrika.

Sensako koringkultivars is ook verantwoordelik vir ongeveer 80% van alle koring wat tans in Suid-Afrika verbou word. 'n Sleutel komponent tot die groep se sukses is die uitstekende netwerke en verhoudings wat met ander internasionale koringteelprogramme opgebou is, waarvandaan nuwe en waardevolle kiemplasma op 'n gereelde basis verkry word.


Sensako se teelstrategie staan bekend as 'n gemodifiseerde stamboomtegniek, wat sekere sleutel teeltegnieke (dubbel-haploïed tegniek) asook moderne tegnologie inkorporeer om die sukses van die teelprogramme te verseker, molekulêre merkers word gebruik om gene koste effektief te volg, 'n hoë omset kwaliteitslaboratorium is ook beskikbaar om die analitiese effektiwiteit en kapasiteit te maksimaliseer.

Die programme fokus daarop om diverse koringkultivars te produseer wat sal voldoen aan die hoofstroom asook nismark kwaliteit behoeftes in Suid-Afrika, deur sleutel karaktereienskappe te verbeter soos byvoorbeeld: verhoogde opbrengs, aanpasbaarheid, stabiliteit, strooilengte, maal- en bakprestasie, asook siekteweerstand.

Sensako bemark tans 19 kommersiële kultivars in al drie die produksie segmente naamlik die besproeiing-, winter- en Kaapse produksie-areas. Daar is boonop 'n totaal van onderskeidelik 9, 7 en 8 pre-kommersiële kultivars goedgekeur vir vrystelling vir die besproeiing, winter en Kaapse segmente.

Navorsingsgeriewe

Sensako se koringteelprogram word tans operasioneel gediens vanaf twee proefplase naamlik, Bethlehem (Marne Navorsing Plaas) waar die analitiese laboratorium, tunnelkompleks, besproeiing- & winterkoringprogramme is en Napier Proefplaas in die Wes-Kaap waar die Dubbel-haploïed & Kaapse teelprogram gebaseer is.



Roete na Mark

Sensako bedryf 'n gesertifiseerde saadbesigheid waarin die kiemplasma deur planttelersregte beskerm word, wat vereis dat die lisensiehouers gesertifiseerde suiwer ouersaad aankoop wat hulle vermeerder na kommersiële gesertifiseerde saad wat dan verkoop word aan die produsente in die daaropvolgende plantseisoen. 'n Tantiem word oorbetaal aan Sensako op elke sak kommersiële saad wat jaarliks verkoop word.

Voordele & Verbouing

Koring is 'n self-bestuivende gewas, wat beteken dat elke korrel wat geproduseer word substansiëel dieselfde genetiese kenmerke bevat as die saad van oorsprong. Sodanig, kan dit na die oes gestoor word vir hergebruik in die daaropvolgende jaar, met min of geen genetiese variasie vanaf die oorspronklike saad. Hierdie karaktertrek het 'n aantal nagevolge vir beide Sensako en sy lisensiehouers omdat produsente nou 'n alternatiewe oorsprong van koringosaad het. Hulle kan dit dus aankoop of self kweek.

Dit skep 'n situasie waar terughousaad se bydrae vergroot onder produsente en die winsgewindheid van lisensiehouers asook saadmaatskappye in gedrang kom as gevolg van verlaagde saadverkope. Alhoewel die produsente die meeste baat vind by nuwe kultivars kan die terughou van saad die voortbestaan van koringteelprogramme ernstig benadeel. Gedurende seisoene waarin die koringprys onder druk is, is die toename in terughousaad dramaties. Om hierdie rede moet die instandhouding van koringteelprogramme dus fyn gemonitor word.

Voordele van koringteelprogramme sluit in wesenlike verbeteringe in opbrengs (wat winsgewindheid implikasies vir boere, meulenaars & bakkers inhou). Dit kan ook 'n impak hê op die nasionale voedselsekurniteit en balans van vergoeding oorwegings, aangesien Suid-Afrika 'n netto invoerder van koring is, siekteweerstand, bakkwaliteit, fisiologiese en agronomiese aanpassing ten opsigte van plaaslike toestande. 'n Een persent verhoging in produksie kan omgeskakel word in ongeveer 20 000 ton meer koring wat geproduseer kan word in Suid-Afrika. 'n Een persent verhoging in ekstraksie (meelblom produsering deur middel van die maalproses) lewer ongeveer 15 000 ton meelblom gebaseer op huidige Suid-Afrikaanse koringproduksie.

Bedryfsondersteuning

Sensako ontvang tans finansiële ondersteuning van die Wintergraan Trust Fonds, laasgenoemde word gefinansier deur 'n wetlike verpligte heffing op elke ton koring wat of ingevoer of gelewer word in Suid-Afrika. Die Wintergraan Trust Fonds word verteenwoordig deur die saadmaatskappye, produsente, silo-eienaars asook die bakkers en meulenaars. Die Wintergraan Trust Fonds kan egter nie finansiële steun waarborg aan enige navorsingsprogram nie as gevolg van die oorsprong van die inkomste verkry uit die heffing. Sensako kry die afgelope paar jaar substansiële finansiële ondersteuning as gevolg van die hoogs



SENSAKO
High Performance Seed · Proven Genetics



ervare menslike hulpbron komponent betrokke en dit gaan definitief 'n invloed hê op moontlike steun vir die program in die toekoms.